

Skriflesing: Rigt 10:1 tot 18

Fokusgedeelte: Rigt 10:14 – 16

Die Here sê eers “Nee!” Daarna “Ja!”

Inleiding

Was jy al so diep in die nood dat jy eenvoudig moes bid? Die spreekwoord sê: nood leer bid! Is dit reg om in jou nood te bid? Natuurlik! Die Here maak Homself in sy Woord aan ons bekend as die God wat 'n mens in jou benoudheid help (kyk bv na Ps 46:2; Jes 59:1; Ps 34:5 – 7; Matt. 7:7, 8). Daar is net een slotsom: As jy benoud is, bid. As jou nood hoog is, bid!

In ons fokusgedeelte is die Israeliete se nood hoog. Hulle doen toe die regte ding. Hulle bid. Hulle roep tot die Here. Toe die skok: Die Here sê vir hulle: “Nee!” Hy stuur hulle weg van Hom af na die afgode toe. Tog is die Here se finale antwoord – soos 'n mens verwag - “Ja!” God het goeie rede wanneer Hy sê: “Nee!” Al is dit allermens vanselfsprekend, kan ons tog reken op sy “Ja!”

Die Here sê: “Nee!”

In ons fokusgedeelte is die Israeliete se nood hoog. Die Filistyne en Ammoniete het hulle laat les opsê. Die Amoriete het ook die geleentheid benut. Hulle het die Israeliete in hul gebied, dié van Gilead, agtien jaar lank verdruk (Rigt 10:8). Hulle het selfs die grens oorgesteek en teen Juda, Benjamin en Efraim gaan oorlog maak. Hulle het Israel swaar laat ly (Rigt 10:9).

In hulle nood doen die Israeliete die regte ding. Hulle neem hul toevlug tot die Here, die *hulp in* benoudhede. Hulle bid. Hulle roep tot Hom.

Tog sê die Here vir sy volk: “Nee!” Hy verhoor hulle nie. Hy verwyt hulle: *“Toe die Egiptenaars, die Amoriete, die Ammoniete, die Filistyne, die mense van Sidon, Amalek en Maon julle verdruk het en julle tot My geroep het, het Ek julle uit hulle mag gered. Maar julle was nou ontrou aan My, julle het ander gode gedien en daarom het Ek julle nie nou gered nie. Gaan roep tot die gode wat deur julle gekies is. Laat hulle julle red noudat julle swaarkry”* (Rigt 10:11 – 14). Die Here trek nie sy volk in hul nood nader nie. Hy stuur hulle weg. Hy stuur hulle na dié gode wat hulle gedien het nadat die Here hulle die vorige keer verhoor en uitkoms gegee het.

Waarom só? Dit is duidelik dat die Israeliete hulself in 'n bose kringloop bevind het. As hulle swaar kry, het hulle wel geweet dat die Here hulle God is. In hul benoudheid het hulle hul toevlug tot Hom geneem. Sodra die oorsaak van hulle benoudheid uit die pad is, het hulle

egter weer van die Here afgedwaal; weer ontrou aan Hom geword; weer afgode begin dien. Hulle het met die Here gemaak net soos wat hulle wou.

Niemand met wie 'n mens in 'n verhouding staan, is bereid om so iets te aanvaar nie. lewers langs die pad gaan jy van so iemand hoor: Ek het nou genoeg gehad!

Die Here het moeg geword vir sy volk se nukke en grille. Hy laat God nie toe dat 'n mens met Hom speel nie. Hy is nie mense se speelbal nie – selfs nie eens sy kinders s'n nie. Hy is die enigste God, die lewende God. Hy staan in 'n lewende verhouding met ons. Hy verwag dat ons Hom heelhartig sal dien. Hierin het die Israeliete gefaal. Juis daarom stuur die Here hulle weg.

Ek en jy moet ook weet: al leer die nood 'n mens bid, moet jy nie net in jou nood bid nie. Jy moenie bid om uitkoms uit jou benoudheid en, sodra dit opgelos is, van die Here vergeet en Hom bloot as nagedagte aanroep nie – totdat die nood weer hoog genoeg is om ernstig te bid nie. Wie só met die Here speel, kom bedroë daarvan af. Dit is die rede waarom die Here nee sê vir die Israeliete.

Ons lees ook elders dat God nee sê. So hoor ons:

- *As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig (Jak 4:3).*
- *Paulus gee weer heeltemal 'n ander perspektief op gebede wat nie verhoor word nie: Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk (2 Kor 12:8 – 10).*

God sê inderdaad ook Nee! Hy sê nee wanneer Hy wil en vir wie Hy wil! Ons fokusgedeelte eindig egter nie met God se "Nee" nie.

Die Here sê: "Ja!"

Israel waag om ondanks die Here se nee tog te vra dat Hy hulle sal help. In die gelykenis wat Jesus vertel, doen die weduwee dit ook met die onregverdige regter. Uiteindelik laat hy reg aan haar geskied. Daaroor sê Jesus: *Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook!* (Luk 18:7, 8). In ons fokusgedeelte ervaar God se uitverkore volk van die Ou Testament presies dit. Die wonder gebeur. Hulle ontdek dat die Here se oor steeds nie te doof is om te hoor nie.

Ons het ook die versekering van die Here Jesus self in hierdie verband: *"Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie (Joh 6:37)*

Hier is egter hoegenaamd nie sprake dat 'n mens net die regte knoppie by God moet druk om Hom na jou pype te laat dans nie. Jy kan God nie manipuleer nie. Daar **gebeur** inderdaad ook **iets met die volk**. Hulle praat met die Here. Hoor wat sê hulle: *"Ons het gesondig! Doen U met ons wat goed is in u oë, maar red ons tog net vandag!" Hulle het toe die ander gode tussen hulle uit verwyder en hulle het die Here gedien, ... (Rigt 10:15, 16).*

- Die Israeliete **bely hul sonde**. Hulle ontdek die waarheid: *As ons sondes bely, is die Here getrou en regverdig om ons daardie sonde te vergewe (1 Joh 1:9).*
- Tog is dit nie genoeg om elke keer net te vra dat die Here ons sonde moet vergewe en intussen ploeter ons voort daarin nie. Die volk doen ook iets daadwerklik aan hulle probleem. Hulle *verwyder die ander gode tussen hulle uit (Rigt 10:16a)*. Hier sien ons die waarheid dat ons ons sonde moet bely **en laat staan**. Dit is die negatiewe kant van die saak.
- Die positiewe kant mag egter nie agterweë bly nie. **Hulle dien die Here getrou**. Daar is net een saak wat pas in ons verhouding tot die Here. Hy verwag dat ons Hom met die hele hart sal dien. Hy vra van ons liefde jeens Hom, liefde met ons hele hart, ons hele siel en ons hele verstand.

Dit kan geen mens doen nie. Ons hart is baie wisselvallig. Hy neig so maklik agter die verkeerde gode aan. Die Here stel egter nie 'n onmoontlike eis aan ons nie. Deur sy Heilige Gees lei Hy ons om die kwaad te haat en daarvan weg te vlug; lei Hy ons om die Here met die hele hart getrou te dien.

Vir sy kind sê die Here altyd weer: Ja! Dit is hoegenaamd nie ydel praatjies nie. Die Here doen ook wat Hy sê. Hy is immers die getroue God. Dit sien ons aan die einde van ons fokusgedeelte: *... en Hy het 'n end gemaak aan hulle swaarkry (Rigt 10:15, 16).*

Slot

Die spreekwoord sê: nood leer bid! Natuurlik is dit reg om in jou nood te bid! Die Israeliete se nood was hoog. Hulle doen toe die regte ding. Hulle het gebid. Toe die skok: Die Here het vir hulle gesê: "Nee!" Hy het hulle weg van Hom af gestuur na die afgode toe. God het goeie rede wanneer Hy sê: "Nee!" Die Israeliete het van die Here 'n speelbal gemaak: in nood het hulle Hom aangeroep. Sodra die nood verlig is, het hulle egter ontrou aan Hom geraak; afgode begin dien. Die Here het sy volk gestuur na die afgode na wie hulle elke keer teruggekeer het. Bid jy in jou nood? Wat doen jy as jou nood verlig is?

Die ou Israeliete het hulle skuld voor die Here bely. Daarop was die Here se antwoord: “Ja!” Al is dit allermins vanselfsprekend, kan ons wat ook ons skuld bely, wat die vaste voorneme het om die leiding van die Gees te volg en die Here ons God getrou te dien, tog reken op sy “Ja!”

AMEN

Bespreking